

Inhoud Hierdie preek wys die verskil om in droomland of binne die beloftes van God in sy skepping te leef. In droomland is alle berigte oor die werklike land en gemeenskap vir mense skrikbeelde wat hulle in hul roeping en dagtaak laat vries, laat veg met mekaar en uit God se beloftes vlug. In ons vertroue in God se beloftes sien ons nie skrikbeelde van eie magtiges en wetteloses se grootsheid en ons nietigheid nie, maar hoe maklik hulle die prooi van hul eie goddeloosheid is, en maklik verslaan kan word. Wie God vertrou, besef die werklikheid van God se skepping, neem besluite oor hul roeping en bestuur en beplan hul dagtake.

Skriflesing Numeri 13: 26 – 14: 10

Teks Numeri 14: 9 b “Hulle beskutting het van hulle gewyk, en die Here is met ons!”

Tema Ons kan want die Here is ons beskutting.

1. Leef ons in droomland met skrikbeelde oor die wêreld of leef ons in die Here se wêreld? Dit is die werklikheid wat uitspeel in die botsing tussen Kaleb en die ander tien verspieters wat saam die land Palestina gaan verken het. Moet ons droomland binne gaan deur mense in eie mag te verower, te verslaan en te onderwerp, of moet ons die beloftes van God in besit gaan neem?

Die 10 verspieters wat na die beloofde land gaan kyk het, bring vir die volk 'n droombeeld: “Dit is 'n land wat oorloop van melk en heuning, en versterk die droombeeld met 'n tros druie wat deur twee mans gedra moet word. Kaleb dra ook die berig oor van die oorvloed en vrugbaarheid van Palestina, maar nie as droombeeld nie, met die kwalifikasie dat die 'n buitengewone goeie land is.

Die verspieters skep die beeld van 'n droomland maar Kaleb wys hoe buitengewoon goed die land is in teenstelling met die omliggende woestyn en semi-woestyn gebiede. Hoe verskillend hulle opvattinge oor die land Palestina is, wys in die verskil tussen die skrikbeeld van die 10 ander verspieters oor die mense van die land se uitsonderlike kragte en magte en Kaleb wat die mense van die land se swaakheid raak gesien het.

2. Die skrikbeeld van die verspieters oor die kragtigheid van die mense van die land lyk so! Dit is mense wat sterker as ons is; wat reuse is; wat in versterkte stede woon en die geweld in die land maak die lewe vir mense in die land onmoontlik.

Hulle versprei doelbewus hierdie skrikbeeld as 'n gerug onder die volk. Binne hierdie skrikbeeld van die ander se mag sien hulle hulself as sprinkane wat doodgetrap en muggies wat plat geklap gaan word.

Wat doen die verspieters se skrikbeeld met die volk van Israel, die Here se kerk?

Dit vervul hulle met die vrees van dreigende oorweldiging en vernietiging! Hulle sien hoe hulle vroue en kinders ander mense se buit gaan word (14:3) met die veronderstelling dat al die mans dood gemaak gaan word.

En dan kry ons in en deur hierdie skrikbeeld die gewoon menslike reaksie van mense wat deur vrees oorweldig word: vries, veg en vlug.

Vries! Hulle vries met die uittoeg uit Egipte en gaan staan doodstil, te bang om die intog te begin met angskrete dat dit beter sou wees om nog as slawe in Egipte te kon leef of van honger in die woestyn te sterf, eerder as om nou deur die wreedheid van die Kananiëte verniel te word.

Veg. Hulle vreesbevangenheid in hierdie skrikbeeld maak dat hulle nie die regte vyande wil beveg nie, maar hulle baklei met mekaar. Hulle beveg die leiers wat hulle in die intog moet lei – hulle beveg Moses en Aaron en dreig om Kaleb en Josua met klippe dood te gooi.

Vlug. Hulle soek 'n leier om hulle na Egipte te laat vlug, 'n vlug-leier, in die plek van leiers vir die intog in Palestina. Hierdie vrees, veg en vlug s hoe hulle teen God self in opstand kom en God self met wantroue minag. Hulle wil sonder God terug deur die woestyn waar Hy hulle met manna en kwartels gevoed het, terug deur die Rooisee waardeur hy hulle droogvoets gelei en die Egiptenare laat verdrink het, na die Farao van Egipte gaan wie se mag oor hulle die Here met 10 plae gebreek het.

Hulle wil in die mag waarmee die Farao hulle slawe gemaak het, die beskutting gaan soek teen die geweld van die stamme van Palestina!

Hulle vries, veg en vlug in hul skrikbeeld is opstand teen God wat hulle voor die roeping en taak stel om sy beloftes in besit te neem deur Hom as God te vertrou.

3. Teenoor hierdie droom- en skrikbeelde van die verspieters staan Kaleb en sien nie drome en skrikbeelde nie, maar God wat sy ondernemings, sy beloftes aan sy volk, sy kerk, waarmaak.

Wat hy sien, kom deur die geloofsbelydenis wat hy doen in die Here van die verbond met Abraham: “As die Here ons goedgesind is, sal Hy ons in hierdie land inneem en dit vir ons gee. (14:8) Hy stel hierdie belydenis kort en kragtig weer: “Die Here is met ons. (14:9)

Só bely Kaleb dat God getrou God sal wees vir sy kerk soos Hy nog altyd God vir sy kerk was.

God het Abraham uit die afgodsdienste van die heidendom in Ur as 'n enkel familie laat trek tussen die volke wat Kanaän toe bewoon het. Tussen al hierdie magte stamme het die Here Abraham beskerm, bewaar en hom die land laat bewoon sonder 'n eie volk, regering en weermag soos die Israeliete nou met die intog het. Die skrikbeelde van al die onheil wat Abraham kon tref as enkele familie tussen al die heidense stamme was net dit – skrikbeelde.

Toe 'n knellende droogte in die hele Nabye-Ooste gedreig het om Abraham se nageslag uit te wis, het God reeds voor die droogte Josef na Egipte gevat om die toe grootste wêreldmag teenoor Abraham se nageslag vriendelik te maak en hulle onder die beskerming van Egipte 'n volk gemaak.

Toe het God self hierdie wêreldmag hulle vyandiggesind gemaak, sodat God hulle uit die gemak van Egipte kon bring om die beloofde land in besit te neem. Hier kon hulle nou die Here in vryheid aanbid en dien en nie slawe van die magtiges en hul godsbeelde wees nie.

Dit is hoe God Kaleb vertrou: die Here is met ons soos Hy nog altyd teen al die dreigende gevare van sy kerk was. Hy lei ons in die land in. Hy gee die land vir ons!

4. In hierdie vaste vertroue in God vir hoe Hy God is vir sy volk, is daar in Kaleb geen vries, veg of vlug nie. Hy onderskei en eien hulle skrikbeelde as net dit – skrikbeelde binne 'n droom wêreld.

In sy geloofsvertroue in God se beloftes doen Kaleb totaal die teenoorgestelde as vries, veg en vlug. Hy besef, besluit en beplan.

Kaleb sien homself nie in die magsbeeld van die Kananiëte as 'n sprinkaan of muggie nie. Hy sien die magtiges as hulle wat 'n maklike prooi is. Wat is die swakheid van hierdie magtiges in versterkte stede, teenoor die Israëliëte as 'n donkie-nomade Hulle eiemagtigheid! Wat hulle as hul krag vertoon is hul swakheid – hulle leef godloos sonder die beskutting van God. Hulle eiemagtige kragdadigheid waarin hulle afgode opmaak maak hulle 'n maklike prooi vir hulle wat die Here ken en dien. Hulle afgode is weerloos teen God en hulle wat leef onder die beskutting van God.

Kaleb veg nie teen of ondersteun hulle wat die volk in god se beloftes lei nie. Hy wys op wat God gaan doen en neem daarom 'n besluit om te doen wat hulle moet: God gaan hulle in die land lei en dit as hul besitting vir hul gee en daarom moet hulle besluit om die land in te trek.

Daarom moet hulle beplan en bestuur. Hy stel dit só: “Ons moet beslis optrek en die land in besit neem, want ons kan beslis die oorhand kry.” Omdat God lei en gee, kan hulle optrek en in besit neem, hulle taak en verantwoordelikhede binne God se beloftes opneem en bestuur.

5. Wat is die kern van die verskil tussen die verspieters se vries, veg en vlug en Kaleb se besef (begryp), besluit en beplan en bestuur?

Die hart van die verskil is die verskil van 'n lewe in droomland teenoor 'n lewe binne die beloftes van God!

Die verspieters en volk sug na droomland en sien dit in melk, heuning en reuse vrugte trosse. Hulle wil self droomland intrek en gaan bewoon, maar die oomblik as die werklikheid voor hulle staan van die regte beloftes van God, dan sien hulle binne hulle droomland net skrikbeelde.

Kaleb leef in die werklikheid van God se beloftes en sien God se magsdade waarmee Hy hulle sal lei en bewaar sodat hulle God in vryheid kan dien in die goeie land wat God vir hulle gee.

Kaleb glo nie in droomland of die skrikbeelde van mense in droomland nie. Hy vertrou God vir sy ondernemings om vir hulle God in hierdie wêreld van God te wees.

Dit maak die verskil tussen 'n lewe van vries, veg en vlug teenoor 'n lewe van besef, besluit en beplan: of jy in jou eie droomland wil leef of binne die beloftes van God in sy wêreld!

6. Dit stel ons voor die vraag: waarmee is ons vandag as kerk besig?

Leef ons in ons eie droomland en raak elke keer verskrik wanneer ons met die werklikhede van die land en gemeenskap gekonfronteer word, of leef ons in die vertroue in God wat met sy ondernemings met ons besig is?

God wat elke dag onderneem dat Hy sorg dat ons in sy liefde en goedheid leef, dat ons sy kinders sal wees wat Hom lief het, dat Hy ons in sy diens sal gebruik en a sy diensknegte sal versorg, dat Hy ons deel van alles sal maak waarvoor Hy ons bestem het in sy skepping en dat Hy die mag van alle goddeloses waarmee hulle ons in besit neem, opeis as hul eie, op ons lewens, ons amp, ons werk en verdienste wil beslag lê, sal vernietig. Hy sal ons in sy beloftes inlei en dit vir ons gee!

Ons neem die Here se beloftes in besit deur te glo dat Jesus Christus as Here hierdie beloftes vir ons vervul en deel van ons lewe maak.

In hierdie geloof ontdek ons dat goddeloses in hierdie wêreld 'n maklike prooi is, dat hulle die slagoffers word van hulle eiemagtigheid en eie geweld, dat hulle weerloos is teen hulle wat met verantwoording en aanspreeklikheid teenoor God leef wat hul beskutting is. In hierdie geloof word ons nie met skrikbeelde oor goddeloses en hulle gewelddadigheid oorweldig in vries, veg en vlug nie.

Ons vires nie in ons roeping en diens teenoor die Here nie en ons vlug nie terug na die koning van Egipte om sy slawe te wees nie. Ons vind nie ons beskutting in die mag van die magtigste goddelose om ons teen die geweld van ander goddeloses te beskerm nie.

Ons neem die lewe waarin God sy beloftes vir ons elke dag vervul in besit duet te glo Hy lei ons in en hy maak ons deel van sy beloftes om sy kinders in sy skepping te wees. Ons leef nie in ons eie droomwêreld nie. Ons leef in God se skepping!

7. Kom ons kyk hoe ons as gemeenskap vandag mislei word deur die geestelike verspieders om terug na Egipte te vlug!

Ons moet vlug binne die beskerming van die liberale demokrasie teen die stamgeweld van Afrika!

Waar in moet ons beskerming teen die stamgeweld in Afrika vind? Geestelikes wil dat ons dit in die Westerse instelling van 'n liberale demokrasie moet vind. Die grondwet en vrye verkiesings is ons beskutting! Maar om binne die beskutting van die grondwet en vrye verkiesings te leef, moet jy jouself aan die waardes van die liberale demokrasie onderwerp! Om die beskutting van die Farao te kry moet jy 'n slaaf in Egipte word! Slawe wat vir alle gode respek het, slawe wat alle sondigheid as liefde

moet glo en slawe wat nie hul waardes deel van die openbare gemeenskap mag maak nie.

Jy mag nie meer God in vryheid volgens sy Woord dien nie maar moet die waardes van die liberale demokrasie, menseregte diensbaar wees.

Gaan ons in hierdie gewelddadige land “wat sy inwoners vernietig” (Num13: 32) probeer vlug in die goddeloosheid van ’n liberale demokrasie en mensregte, of gaan ons vertrou in God se beskutting? God want ons in enige plek in sy skepping, ook hier, in sy beloftes sal inlei en ons dit in besit sal laat neem.

Vertrou ons God, sal ons in hierdie geloof innerlik in hierdie land en gemeenskap kan opstaan: ons kán! Ons kan die Here hier dien, want dit is ’n goeie land. (Num. 14:7) Vertrou ons in die Here wat ons in sy beloftes inlei en in besit laat neem, sal ons ook sien hoe maklike prooi is goddeloses: hulle verteer en vernietig hulle self met hulle eie kragdadigheid en gewelddadigheid. Hulle gode wat hulle het, kan hulle nie beskut of lei nie. Hulle is blind en weerloos in hulle eie driftigheid!

Daarom kan ons volgens God se wil Hom in vryheid dien en ons nie onderwerp aan die beskutting van ’n goddelose Westerse instelling – die liberale demokrasie nie! Ons kan die Here enige plek in sy skepping dien, dit besef ons, en daarom kan ons elke dag besluit, beplan en bestuur hoe ons in diens van God binne sy liefde en beloftes leef.

Dit is ’n goeie land en ons vries nie, veg nie en vlug nie vir die skrikbeelde van die eiemagtigheid van die inwoners van die land nie!

Ons neem God se beloftes vir ons hier, soos in enige ander plek in die skepping in besit!